

Die ANC en die nasionale demokratiese rewolusie: Polities strategiese perspektiewe

The ANC and the national democratic revolution: Political and strategic perspectives

ANDRÉ DUVENHAGE

Navorsingsdirekteur, Volhoubare Sosiale Ontwikkeling,

Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

E-pos: Andre.Duvenhage@nwu.ac.za



André Duvenhage

ANDRÉ DUVENHAGE behaal die grade BA en BAHonn in Politieke Wetenskap (beide met onderskeiding) aan die PU vir CHO. In Januarie 1984 word hy aangestel as Junior Lektor aan die PU vir CHO met doseeropdrag in Ontwikkelingsadministrasie, Openbare Bestuur en later ook Staatsleer en in 1989 verwerf André 'n Magister kwalifikasie in Ontwikkelingsadministrasie. Hy verlaat die PU vir CHO aan die begin van 1991 en word aangestel as lektor in Politieke Wetenskap aan die UOVS, waar hy in 1994 sy PhD voltooi met 'n proefskrif getiteld *Politieke Transformasie in oorgangsamelewings* en hy word tot Senior Lektor bevorder. Tydens 1999 inisieer André 'n nuwe akademiese program in Regeerkunde en Transformasie wat op nasionale vlak erkenning verwerf en hy word gedurende 2000 bevorder tot Medeprofessor in Politieke Wetenskap en terselfdertyd aangestel as Direkteur van hierdie program. Binne die bestek van ses jaar het dié nuwe program bykans 'n honderd Magisterstudente opgelewer. Hy keer teen die begin van Oktober 2006 terug na sy alma mater om die pos van Navorsingsdirekteur in Volhoubare Sosiale Ontwikkeling aan die Noordwes-Universiteit te aanvaar. Sy akademiese spesialisareas sluit in Politieke Teorie, Politieke Transformasie, Regeerkunde en scenario-ontledings.

ANDRÉ DUVENHAGE obtained the BA and BAHonn degrees, Political Science, cum laude, at the PU for CHE. He was appointed as a junior lecturer at the PU for CHE, teaching Development Administration, Public Management and later also Political Science in 1984; and in 1989 André obtained a Masters qualification in Development Administration from the same university. In the beginning of 1991 he moved to Bloemfontein, where he accepted an appointment as lecturer in Political Science at the University of the Free State; he was subsequently promoted to senior lecturer, after completion of his doctorate, with a dissertation entitled *Politieke Transformasie in oorgangsamelewings (Political Transformation in transitional communities)*. In the course of 1999 André initiated a new academic programme in Governance and Transformation, which achieved recognition nationally; he was promoted to Associate Professor of Political Science and simultaneously appointed as Director of the new programme during 2000. Within the space of only six years this new programme already delivered approximately 100 Masters students. In October 2006 he returned to his Alma Mater to assume the position of Research Director, Sustainable Social Development at the North West University. Academic areas in which André specialises include Political Theory, Political Transformation, Governance and scenario-analyses.

ABSTRACT***The ANC and the national democratic revolution: Political and strategic perspectives***

Recently the leader of the official opposition, Helen Zille, said the following: “The ANC’s National Democratic Revolution (NDR) is not only incompatible with democracy, but it lies at the heart of virtually every crisis we face. The electricity crisis, the arms deal, the manipulation of the criminal justice system, the weakening of parliament and threats to the media and the judiciary can all be traced back to the NDR”. The ANC’s reaction to this was: “Our tasks are clear: We must advance in unity as we mobilise the masses to build a caring national democratic society. Our National Democratic Revolution will not be halted” (ANC Today, 22–28 February 2008:3, 6).

At the recent Polokwane Conference of the ANC this organisation’s commitment to the NDR was confirmed once again, and matters such as poverty relief, job creation and greater social and economic equality were seen to be important priorities of the “Revolution”. However, closer examination reveals that the NDR is apparently a direct consequence of complex ideological schools of thought as these are anchored within the broader framework of the philosophy and ideology of revolution; and adapted to distinctive South African political, economic and social circumstances. Political transformation and its underlying philosophy actually only represents a specific face or phase of the NDR and does not necessarily exclude other viewpoints, perspectives and strategies (historic or future). The following aspects need to be accentuated against this background:

- *The NDR defines the “religion” of the thinking of the National Democratic Movement (NDM=ANC and others) and is also the “leitmotif” within the greater ideological framework.*
- *The application thereof is often extremely pragmatic (situational) to keep pace with the distinctive South African context and changes within this context.*
- *The NDR is the fundamental framework (paradigm of ratiocination) within which the “broad church” of the ANC thinks and reaches consensus over matters. (The Polokwane Conference was a striking example of exactly this!)*
- *The application context of the NDR must constantly be reinterpreted to determine its success (or otherwise) and to link up with changing (read new) circumstances. (This is why **Strategy and Tactics** are revised anew at each National Conference!)*
- *Ideologically the NDR draws on complex thinking and tendencies regarding the theory and practice of revolution, for instance Classical Marxism, Leninism, Stalinism (especially the idea of “revolution from above”) and Maoism as well as ratiocination pertaining to decolonisation and existentialism.*
- *A huge number of Afrikaans-speaking people (including politicians and community leaders) have a very limited understanding of this way of thinking (or even no understanding at all) and therefore do not have the ability to interpret current policy and practice meaningfully and set up antipodes for this – where and if needed.*

With especially the last-mentioned aspect in mind, the aim of the present article is, firstly, to enable readers better to understand the NDR as the “hard core” of the ANC; and, secondly, to grasp the government’s way of thinking as it pertains to South African politics, economy and the society. Although this presentation will touch on a number of strategic aspects of South African politics, it must not be confused with a strategic analysis of the macro-political environment and scenario analysis of the South African political situation. The primary aim is only to get a perspective on the soul of the National Democratic Movement and, in particular, of the ANC.

The article focuses, inter alia, on the following:

- *Revolution as a concept and the application thereof within the framework of the NDR.*
- *A structural analysis of the NDR. Unrestricted.*
- *The dynamics of the NDR.*
- *The future of the NDR.*

KEY CONCEPTS: Revolution, National Democratic Revolution, National Democratic Movement, Social, Political and Economic Transformation, Political Transition, Thermidor Moderate, Jakobin Radical.

TREFWOORDE: Rewolusie, Nasionale Demokratiese Rewolusie, Nasionale Demokratiese Beweging, Sosiale, Politieke en Ekonomiese Transformasie, Politieke oorgang, Thermidor gematigd, Jakobyns radikaal

OPSOMMING

Die Nasionaal-Demokratiese Rewolusie (NDR) is as konsep en ideologiese raamwerk baie bekend binne die denkraamwerk van die ANC en sy bondgenote. Anders as wat soms verwag is, is die NDR as denkraamwerk nie na 1994 opgehef nie, maar slegs in 'n strategiese en taktiese sin geherposisioneer onder die vlag van sosiale, politieke en ekonomiese transformasie. By die onlangse Polokwane Konferensie van die ANC (einde 2007) het die organisasie verskeie resolusies aanvaar wat in lyn is met die grondbeginsels van die NDR wat ook neerslag gevind het in die ANC se 2009-verkiesingsmanifes. Hierdie artikel fokus op die NDR as politiek-ideologiese denkraamwerk met die beklemtoning van politieke-strategiese aspekte.

TER INLEIDING

Suid-Afrika is naas Brasilië die land met die grootste gaping tussen ryk en arm, en verteenwoordig een van die mees sosio-ekonomies ongelyke samelewings op aarde (*Socialist World* 2003:1). Die Gini-koëffisiënt (as indikator van ongelyke inkomsteverspreiding), skaal Suid-Afrika op 0.72% terwyl lande soos Rusland (0.41%), Indië (0.37%) en China (0.47%) 'n meer gelyke verspreiding handhaaf (Ramokgopa 2009:1). Legassick (2007:507) bevestig dat die armoedesituasie in Suid-Afrika na 1994 verder versleg en nie juis verbeter het nie. Volgens Mathekga (2008:131) was dit die uitgebreide ekonomiese ongelykheid wat beweegruimte aan politieke en ekonomiese populisme gegee het (met ander woorde die Zuma-groepering) om 'n alternatiewe leierskap by Polokwane te kon posisioneer teenoor dié van Mbeki. Tutu (2007:1) spreek in dié verband sy verbasing uit oor die merkwaardige geduld van die mense en sê dat hy dit moeilik vind om te verstaan waarom hulle nie sê “to hell with Tutu, Mandela and the rest” en strooptogte begin uitvoer nie.

Die Nasionale Demokratiese Beweging (NDB) en die Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR) as ideologiese raamwerk identifiseer eksterne ongelykheid en armoede as 'n onaanvaarbare werklikheid wat verander moet word, definieer die wyse waarop die veranderinge moet plaasvind, en skep 'n beeld van die veranderde en utopiese toekoms, te wete die Nasionaal-demokratiese samelewing. Die alternatiewe leierskap wat voortgespruit het uit die Polokwane-konferensie verteenwoordig dan ook 'n spesifieke “messiaanse karakter”¹ wat soos volg deur 'n joernalis

¹ Verskeie analogieë is al getref tussen Zuma en 'n reddersfiguur (messias) byvoorbeeld: “Jesus was persecuted. He was called names and betrayed. It’s the same kind of suffering Mr Zuma has had to bear ...” Ace Magashule soos aangehaal deur SAPA (2008).

beskryf is: “Jacob Zuma came down from on high like a descending messiah through the clouds. Below his circling helicopter, tens of thousands of eager faces strained upwards” (Tolsi 2009:1). Hierdie veranderingsprogram ten opsigte van die vooropgestelde visie is primêr gebaseer op ’n klas- en ras-analise van die Suid-Afrikaanse samelewing wat sosiale, ekonomiese en politieke regstelling vereis. Oor hierdie ideologiese denkraamwerk laat Helen Zille (leier van die amptelike opposisie) haar soos volg uit:

The ANC’s National Democratic Revolution (NDR) is not only incompatible with democracy, but it lies at the heart of virtually every crisis we face. The electricity crisis, the arms deal, the manipulation of the criminal justice system, the weakening of parliament and threats to the media and the judiciary can all be traced back to the NDR.

Die ANC se reaksie hierop was: “Our tasks are clear: We must advance in unity as we mobilise the masses to build a caring national democratic society. Our National Democratic Revolution will not be halted” (ANC Today, 22-28 Februarie 2008:3, 6).

By die onlangse Polokwane-konferensie van die ANC, en nog meer spesifiek, in die ANC se 2009-verkiesingsmanifes, is dié organisasie se verbintenis tot die NDR opnuut herbevestig en word sake soos armoedeverligting, werkskepping en groter sosiale en ekonomiese gelykheid as belangrike prioriteite van die “Rewolusie” beskou. Die NDR as die agenda van die ANC is ’n direkte uitvloeisel van komplekse ideologiese denkrigtings, soos veranker binne die breër raamwerk van die filosofie en ideologie van rewolusie en soos aangepas by eiesoortige Suid-Afrikaanse politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede. Politieke transformasie en sy onderliggende filosofie verteenwoordig eintlik maar net ’n bepaalde gesig of fase van die NDR en sluit nie noodwendig ander fases, perspektiewe en strategieë (histories of toekomstig) uit nie.

Die NDR as ideologiese raamwerk, sy toepassing op die Suid-Afrikaanse samelewing en veral die strategiese aspekte hiervan, in onderskeiding van analitiese en normatiewe (utopiese) komponente, vorm die fokus van hierdie bydrae. ’n Belangrike vertrekpunt van die navorsing is dat die NDR na 1994 nie van die toneel verdwyn het nie, maar slegs in ’n strategiese en taktiese sin geherposisioneer is. Dit is verbasend hoe min politici, akademici en kiesers weet van hierdie denkraamwerk wat (soos die apartheidsideologie) die lewens van talle burgers regstreeks of onregstreeks beïnvloed.

Met hierdie agtergrond in gedagte is die doel van die bydrae om lesers in staat te stel om die NDR as die “harde kern” van die ANC en regeringsdenke rakende die Suid-Afrikaanse politiek, ekonomie en samelewing, beter te verstaan.² Die doel van die navorsing is om die NDR te verstaan as ’n dinamiese ideologiese denkraamwerk en dit moenie gelykgestel word aan ’n “slegtesaak-scenario” vir die Suid-Afrikaanse politiek nie. Dit gaan dus daarvoor om ’n perspektief te verkry op die siel (die denke) van die Nasionale Demokratiese Beweging en in besonder van die ANC. Ter uitvoering hiervan is die fokuspeunte van die artikel soos volg:

² Daar moet in gedagte gehou word dat die NDR tot in die hart van die Nasionale Demokratiese Bewegings gedefinieer is, maar dat ander denke soos liberalisme, neo-liberalisme en ander vorme van sosiaal-demokratiese perspektiewe ook binne die raamwerk van die “Broad Church” of Ruimhartparty bestaan.

Verder moet verreken word dat die idee (ideologie) nie gelykgestel moet word aan sy toepassing nie – veral nie waar swak staatstoestande aan die orde is soos wat die geval tans met Suid-Afrika is nie.

- Rewolusie as konsep en die toepassing daarvan binne die raamwerk van die NDR.
- 'n Strukturele ontleding van die NDR.
- Die dinamika van die NDR as ideologiese denkraamwerk.
- Die toekoms van die NDR.

DIE KONSEP “REWOLUSIE” EN DIE NASIONAAL-DEMOKRATIESE REWOLUSIE

Die Konsep Rewolusie

Rewolusie as begrip is afgelei van die Latynse woord *revolutio*, wat omwenteling, terugwenteling of rotasie beteken. Soos in die geval van ander politieke terme (byvoorbeeld *demokrasie* en *ontwikkeling*) het rewolusie oor die eeue heen verskeie konnotasies (betekenisse) gekry wat nie hier uiteengesit kan word nie. Vir die doeleindes van die analise word slegs daardie sake belig (dit wil sê 'n capita selecta-benadering) wat daartoe sal bydra om die NDR beter te verstaan.

Die bekende Amerikaanse politieke wetenskaplike S.P. Huntington (1968:264) definieer 'n rewolusie as “(a) rapid fundamental and violent domestic change in the dominant values and myths of society, in its political institutions and social structure, leadership and government activity and policies”. Hierdie konseptualisering sluit aan by Pettee (1971:3) se omskrywing van rewolusie as “a reconstitution of the state”. Rewolusies word onderskei van rebellies, staatsgrepe en onafhanklikheidsoorloë op grond van die groter politieke omvang daarvan sowel as die verreikende implikasies wat dit vir bestaande instellings inhou. 'n Prominente onderskeiding binne die Huntington-denkraamwerk is dié tussen **volledige** en **onvolledige** rewolusies. Huntington (1968:266) wys daarop dat “[a] full scale revolution thus involves the rapid and violent destruction of existing political institutions, the mobilisation of new groups into politics, and the creation of new political institutions”. Rewolusies soos dié in Rusland (1917), Viëtnam (1974), Kuba (1959), Algerië (1960) en China (1948) word as volledig beskou omdat gevestigde politieke instellings en stabiliteit gevolg het op die periode van onstabiliteit gedurende die rewolusie. Hierteenoor word byvoorbeeld die Franse Rewolusie van 1789 as onvolledig beskou, omdat die uitkoms gebrekkige institutionalisering was en ook oor die aanwesigheid van patrone van politieke onstabiliteit wat op die rewolusionêre verandering gevolg het. Dit moet egter vermeld word dat sommige van die “volledige rewolusies” deur demokratiseringsprosesse (die derde demokratiserings golf) uit sy baan gedwing is en dat dieselfde lot state soos Kuba en China oor 'n langer termyn kan tref. Hierdie demokratisering het ook sy besondere impak op die Suid-Afrikaanse oorgang van 1990-1994 gehad en 'n omgewing van gematigdheid bevorder wat konstruktief op die nuwe demokrasie ingewerk het.

'n Verdere teoretiese onderskeid wat getref word, is dié tussen **klassieke** en **moderne** rewolusiepatrone. (Laasgenoemde word soms ook voorgedhou as rewolusionêre oorlogvoering.) Waar klassieke rewolusies die patroon gevolg het van **die ineenstorting van die ou bewind, die mobilisering van nuwe groepe in die politiek en daarna nuwe politieke instellings** (Frankryk in 1789 en Rusland in 1917), is die moderne patroon bykans die omgekeerde van bogenoemde. Moderne rewolusies (rewolusionêre oorlogvoering) begin **met die mobilisering van politieke steun, dan volg die uitbreiding van politieke deelname, die skepping en vestiging van alternatiewe politieke instellings**, waarna die *politieke oorname* eers gewelddadig plaasvind (vergelyk Huntington 1968:271-275). Laasgenoemde fase is soms uiters gewelddadig en kan die vorm aanneem van 'n konvensionele veldslag waardeur alternatiewe strukture beheer van die

betrokke staat bekom. Hierdie (moderne) kategorie rewolusies is meestal **volledig**, soos bewys is in die geval van China (1948), Viëtnam (1974) en Kuba (1960). Moderne rewolusionêre oorlogvoering was die patroon wat die ANC se “struggle” aangeneem het tussen 1961 en 1993, maar is nooit voltrek om as ’n “volledige rewolusie” beskou te kon word nie. Daarom het die ideaal van rewolusie (die struggle) bly voortleef in die konteks van die NDR en gevestig geraak binne die politieke denkraamwerk van die ANC.

Die Betekenis van die NDR (Plaaslik en Internasionaal)

Die NDR as filosofiese en ideologiese denkrigting is veranker in ’n groter tradisie van rewolusionêre denke wat ’n belangrike filosofiese/ideologiese denkrigting, sowel as metodologiese invalshoek in die Politieke Wetenskap verteenwoordig. Die taanspel en paradigma van denke in dokumentasies van die ANC (bv. *Strategy and Tactics*, *ANC Today* en talle beleidsdokumente) reflekteer dan ook die veronderstellings eie aan rewolusionêre denkpatrone binne hierdie tradisie.³

Die Nasionale Demokratiese Rewolusie verteenwoordig die denke binne die raamwerk van die Nasionale Demokratiese Beweging (in Engels: “the Broad Church”) waarin die ANC ’n leiersrol vervul. Die denke en toepassing word gelegitimeer vanuit die talle filosofiese ideologiese denkstrome wat rewolusie beklemtoon. Vanuit dié verband sal die ANC hom beywer vir ’n “fairer and more humane international trade and financial system and a just world order” (Election Manifesto, 2009:online) en as ’n saak van groot erns sal dit bande bou met voormalige bevrydingsbewegings, waarvolgens gestruktureerde ondersteuning aan die organisasie(s) of groter staatkundige bedelings verleen sal word (ANC National Policy 2007:2). Die onlangse finansiële steun aan Zimbabwe, met nog steun wat kan volg, illustreer hierdie broederskap van rewolusie waarin die ANC staan en beklemtoon die internasionale bondgenootskap/pe wat bestaan en in stand gehou word. Daar is samewerking tussen voormalige bevrydingsbewegings soos tans in Suid-Afrika bestaan (’n eerste gebod wat nie oortree mag word nie) en dit verklaar die simpatie wat Robert Mugabe steeds geniet, ongeag sy misdade.

Rewolusie beteken binne die konteks van die NDR baie meer as net die begrensde definisie van die gewelddadige omverwerping van ’n bestaande politieke stelsel. Aansluiting moet gevind word by die eiesoortige omstandighede van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing, en ander strategieë en taktieke (om die rewolusionêre doelstelling te bereik) word onder bepaalde omstandighede beklemtoon. In hierdie verband verteenwoordig begrippe soos *hervorming* en *transformasie* telkens ’n rewolusionêre grondslag wat nie altyd op die oppervlak sigbaar is nie. Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) en Regstellende Aksie kan gesien word as ’n poging om sekere groepe van die samelewing te marginaliseer. Geweld kan ook die vorm aanneem van strukturele geweld (aldus Galtung en andere), waarvolgens instellings van die samelewing (staat) op grond van sake soos ras, kultuur, etniese en/of klasverband op ’n sistematiese wyse die regte en voorregte van individue en of groepe ontnem of hul marginaliseer. Regstellende aksie kan

³ Terminologieë en vertrekpunte binne die groter raamwerk van die NDR wat óf gebruik óf geïmpliseer word, sluit in dialektiese en historiese determinisme; antikapitalisties en politieke transformasie voor sosio-ekonomiese transformasie (Karl Marx); wêreldwye rewolusie en die Voorhoede Party (Vladimir Lenin); permanente rewolusie (Leon Trotskie); party-totalitarisme en *revolution from above* (Josef Stalin); rewolusie as meganisme vir die opheffing van teenstrydighede; die rol van landelikes as instrumente vir rewolusionêre verandering; en die afwisseling van strategieë en taktieke in ’n kontekstuele sin ter bevordering van die rewolusionêre ideaal (Mao Zedong).

in hierdie verband as voorbeeld genoem word. Binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse toepassing van die NDR en die broederskap van rewolusie word Marx se klaslose samelewing vervang met 'n nie-rassige en nie-seksistiese samelewingsbeskouing as sosiale en politieke Utopia. Die rol van die party (ANC) is deurslaggewend in die ontplooiing van die rewolusie. Die NDR word sodoende pragmaties toegepas om aansluiting te vind by eiessoortige Suid-Afrikaanse omstandighede. Dit word dus voortdurend aangepas en op die ANC se agenda gehou in 'n poging om uitdrukking te gee aan 'n “bewuste werkersrewolusie”. Politieke hervorming en demokratisering van die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare het die NDR op 'n nuwe politieke trajek geplaas en 'n onvoltooide (onvolledige) rewolusie as uitkoms gehad. Ooreenkomstig hierdie denkptraan beteken dit egter nie die einde van die rewolusie nie. Trouens, politieke transformasie, as een faset van die NDR, verteenwoordig 'n tydelike kompromis (takties van aard) tussen die rewolusionêre beginsels onderliggend aan die “struggle” van die ANC en bondgenote enersyds, en die ewolusionêre benadering soos gevolg deur die ou Nasionale Party en sy bondgenote andersyds. Die era na die beëindiging van die Koue Oorlog (na 1989) was nie baie ontvanklik vir rewolusionêre idees en retoriek nie en het daartoe gelei dat rewolusionêre eufemismes na vore getree het, waaronder terme soos *progressiewe massabewegings*, *sosiaal-demokratiese orde* en ook *transformasie*. Die gematigheid van die sagter benadering tot rewolusie het ook sy besondere impak op die NDR van die ANC gehad.

Die sukses van die NDR is weereens by die Polokwane-konferensie van die ANC onder die soeklig geplaas met die argument dat **hef-aan** nog voorlê. Strategieë en beplanning moet gevolglik in heroënskou geneem word om vas te stel of die uitkomst van die rewolusie wel bereik is. Dit het by Polokwane gelei tot die verwerping van Mbeki en sy lojaliste, wat geoordeel is as te neo-liberaal en bourgeois-georiënteerd. Daar is selfs verwys na Mbeki se “pseudo-revolutionary style”, oftewel die verskynsel waarna verwys word as “taking the left and walking right”. Die probleem waarvoor die ANC in Polokwane en daarna te staan gekom het, is soos volg deur Blade Nzimande tydens 'n SAKP-kongres (September 2008) saamgevat: “The political left in South Africa is at a crossroad in the history of its revolution”. Die dialektiek tussen neo-liberalisme (van Mbeki) en demokratiese sosialisme (as uitkoms van Polokwane) moet hiervolgens opgehef word. Hierdie nuutste trajekverandering van die NDR in Polokwane het ook beslag gekry in die verkiesingsmanifes van die ANC en in die kandidaterys soos gestel deur die organisasie met die insluiting van onder andere Blade Nzimande en Winnie Mandela.

Om laasgenoemde vollediger in perspektief te plaas moet 'n strukturele ontleding van die NDR, as uitvloeisel van die vooraf geïdentifiseerde filosofies-ideologiese grondslag, in oënskou geneem word.

'N STRUKTURELE ONTLEDING VAN DIE NASIONALE DEMOKRATIESE REWOLUSIE

Die Nasionale Demokratiese Rewolusie (NDR) word omskryf as “a process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people” (*Strategy and Tactics* 2007:21). Hierdie omskrywing voldoen aan die vereistes van radikale, omvattende en fundamentele verandering en die implikasie daarvan vir **elites**, **waardestelsels** en **staatkundig-grondwetlike** stelsels. Die onderskeid tussen rewolusie en ewolusie is hier van kernbelang. Waar rewolusie in die algemeen met geweld en snelheid geassosieer word, is die omgekeerde waar van ewolusie, naamlik inkrementalisme en nie-

gewelddadigheid. Transformasie (die huidige gesig van die NDR) verteenwoordig hier die kompromis, naamlik ’n mengsel van snelheid (rewolusie) en nie-gewelddadigheid (ewolusie). As kompromis beteken dit die radikale verandering en vervanging van die bestaande sosiopolitieke en sosio-ekonomiese orde met ’n nuwe orde, maar waar kontinuïteit ten tyde van die veranderingsproses vooropstaan (vergelyk Duvenhage 2005:8-11). In hierdie verband definieer Cohen (2000:338) transformatiewe verandering (“transitiology”) soos volg:

... The more or less simultaneous collapse and reconstruction of (a) state apparatuses; (b) social and economic stratifications systems; and (c) political visions of the future; in which (d) education is given a major symbolic and deconstructionist role in these social processes of destroying the past and redefining the future.

Voorbeelde in die wêreldgeskiedenis van transformasies is meestal divers en uiteenlopend en sou gevalle kon insluit soos die totstandkoming van Moderne Turkye onder leiding van Mustafa Kemal; die Meiji-restourasie in Japan; en transformatiewe demokratisering in state soos Spanje en Brasilië tydens die sewentigerjare van die vorige eeu. Die vervanging van die Manchu Dinastie en die totstandkoming van die Chinese staat onder leiding van Mao Zedong is in sekere opsigte wel vergelykbaar met bogenoemde voorbeelde, maar dit is meer gewelddadig en kan beskryf word as rewolusionêr met transformatiewe momente eerder as andersom. Die Suid-Afrikaanse politieke oogang (“transition”) het egter belangrike raakpunte en ooreenkomste met beide kategorieë wat hierbo vermeld word.

Verandering in terme van strategie (van rewolusie na transformasie) is in Suid-Afrika ter sprake, maar nie die verandering van doelwitte of uitkomstes nie. Wat egter ontbreek, of ten minste ’n meer beperkte mate aanwesig is, is die beklemtoning van die gewelddadige aard sowel as die tempo van verandering wat normaalweg met rewolusies geassosieer word. Gesien vanuit die perspektief van die Nasionale Demokratiese Beweging (NDB), en spesifiek die ANC, is die “rewolusie” (voorgehou as transformasie) nog aan die gang en ver van afgehandel, en word dit ook deur talle ondersteuners binne die NDB as onvolledig en onafgehandel beskou. Daarom word die verkiesing van 1994 en die oornome van die ANC slegs beskou as “... (an) environment (that) provides a basis for the advancement of the National Democratic Revolution (NDR) in our country” (*Strategy and Tactics* 2007, par. 7:1). Die NDR kan beter verstaan word deur enkele vertrekpunte wat hierdie rewolusionêre beskouing ten grondslag lê, breedvoeriger te ontleed.

Die NDR as Hoofaksiëprogram van die NDB

As hoofaksiëprogram van die NDB is die rewolusie gerig op omvangryke transformasie met ’n fokus op die **staat, die ekonomie, organisatoriese werk** (die party), en die **ideologiese stryd** – ook op ’n internasionale vlak (*Strategy and Tactics* 2007, par. 227:19). Hiervolgens word geredeneer: “We will undertake these tasks conscious of our responsibility as one of the battalions of the global army for progressive social change, a disciplined force of the left” (*Strategy and Tactics* 2007, par. 228:19.). In der waarheid impliseer hierdie beskouing “the fundamental transformation of society” asook “major surgery of society and state” waarvolgens – in die woorde van Joël Netshitenze – “Revolution as the process” en “society as the outcome” beskryf word (Msomi 2007:21). Hier is gevolglik sprake van ’n “rewolusie” (voorgestel as radikale transformasie) wat geen terrein van die politiek, ekonomie of samelewing onaangeraak sal laat nie. Die motivering hiervoor word gevind in die dialektiek van ’n onaanvaarbare apartheidsverlede en ’n geïdealiseerde, nie-rassige en nie-seksistiese samelewingsorde as toekomsbeskouing.

Die dialektiek van 'n onaanvaarbare verlede en 'n geïdealiseerde toekoms

Die motivering vir die volvoering van die NDR word telkens aangetref in 'n omskrywing van 'n uiters negatiewe beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hiervolgens word dit gestel dat “[o]ur history has been a bitter one, dominated by colonialism, racism and apartheid, sexism and repressive labour practices” (*RDP White paper* 1994:5). Op die strategiese offensief is die politieke fokuspunt daarom “the destruction of apartheid” en “the eradication of apartheid relations” (*Strategy and Tactics*, 2007: par. 45:4). Nie net is apartheid 'n sosiaal verwerplike kwessie nie, maar ook 'n verklaring (teorie) vir onderontwikkeling of dan die gebrek aan ontwikkeling. Om hierdie negatiewe toedrag van sake om te keer, is 'n **Ontwikkelingstaat**⁴ nodig (*Strategy and Tactics* 2007, par. 59:5-6).

Die rewolusie (NDR) en wat hiermee geassosieer word, is ooreenkomstig Marxistiese en Maoïstiese leerstellings die redder en bevryder van die situasie, en hieruit volg die aanname: “The strategic objectives of our National Democratic Revolution reflect some of the best values in human civilization” (*Strategy and Tactics* 2007, par. 151:13). Op grond hiervan maak die NDR aanspraak op die morele botoon, beperk die beweegruimte van enige opposisiegroep en lê die grondslag vir die Uhuru-(bevrydings-)party en sy bondgenote om beheer te neem van die situasie en om die rewolusie (en dus ook die legitimiteit van die party) deurlopend uit te bou. Ten opsigte van die rewolusionêre religie (breër voorgestel as 'n ideologie) word die party (die ANC) metafoeries as 'n “messias” voorgedou met 'n meerderheid “**lidmate**” (lojale ondersteuners) van die “**politieke kerk**” (ruimhartparty) en “**sendelinge**” (kaders) wat bereid is om historiese diens te verrig waar dit benodig word; binne die groter samelewing, politiek of ekonomie. Die verwysing dat Jacob Zuma en Ace Magashule soos Christus veroordeel, uitgewerp en aan lyding blootgestel is (aldus hul ondersteuners), is hier van toepassing. Hierdie perspektief (religie?) is deur die ANC gebruik om steun te mobiliseer in die aanloop tot die 2009-verkiezing. Hierdie messiaanse interspel is nie onbekend in politiek nie en word deur Talmon (1955:270) soos volg in perspektief gestel: “The encounter between a Messianic political creed and the masses revives phenomena, precedents for which could only be found in the religious social movements of the past, and carrying with them terrible possibilities of mass tyranny”. 'n Belydenis van die spreekwoordelike “kerk” is dat die rewolusie histories noodwendig is. Die sosialistiese Utopia word egter vervang binne die Suid-Afrikaanse konteks met 'n nie-rassige, nie-seksistiese samelewing, met die gejaardgaande geloof dat die rewolusie noodwendig is.

Die historiese noodwendigheid van rewolusie

In die geledere van die NDB bestaan die oortuiging (ten minste by sommige sleutelrolspelers) dat die rewolusie in 'n Marxistiese sin noodwendig is; dat die bourgeoisie uitgeskakel sal (moet?) word; en dat die proletariaat polities en institusioneel (hier is sprake van 'n historiese missie) in beheer van die politiek en samelewing geplaas sal word. Aangesien rewolusies in 'n kontekstuele sin uiteenlopend van aard kan wees, moet elke rewolusie binne die eiensortigheid van sy omgewing

⁴ 'n Ontwikkelingstaat word voorgedou as “(a)n activist state that intervenes decisively in the economy with a general progressive agenda” (*Strategy and Tactics* 2007:20). Hierdie beskouing verskil van die meer konvensionele ontwikkelingstaatbeskouing wat volgens Heywood (1998:94-95) nie 'n sosialistiese agenda behoort te veronderstel nie en wat beskryf kan word as 'n poging “... to construct a partnership between the state and major economic interests, often underpinned by conservative and national priorities”.

ten uitvoer gebring word. Vandaar die perspektief dat die ANC “must depend on itself and advance the democratic revolution” en dat “[t]he fundamental law of revolution, in all its elements, also applies to our democratic revolution” (*ANC Today* Augustus 2007:6-7). Dit is veral die sogenaamde “Vanguard formations” en die massa wat moet toesien dat die rewolusie op die spreekwoordelik histories gebaande weë gehou word. Die lokomotief van die geskiedenis moet dus nie ontspoor nie, maar moet doelmatig die rewolusionêre (transformatiewe) plan ten uitvoer bring. Omdat politieke oorgang (regeringstransisie) die rewolusie in Suid-Afrika voorafgegaan het, aldus dié denkraamwerk, moet die instrumente van staatsmag strategies aangewend word om die rewolusie verder te laat ontwikkel en word noue aansluiting gevind by die Stalinistiese denkpatroon van “revolution from above”. Dit moet op ’n gefaseerde en beplande wyse deur die party ten uitvoer gebring word.

’n Gefaseerde rewolusionêre proses

Reeds tydens 1992 het die Nasionale Werkskomitee van die ANC beklemtoon dat die NDR ’n gefaseerde proses moet behels waarin die onderhandelings van die negentigerjare slegs ’n fase van die groter rewolusie uitmaak en net een front van die rewolusionêre stryd verteenwoordig. By ’n konferensie van die ANC-leierskap te Broederstroom (tydens 1993) het die organisasie hom verbind tot ’n termyn van tussen 20 en 25 jaar om die strategiese doelwitte van die NDR suksesvol te volvoer. Myburg (2003:4) som hierdie benadering en strategie soos volg op: “The ANC could make confessions at each different phase in the knowledge that over time (and once the balance of forces had shifted far enough in their favour) they could be discarded. It is this patience that many commentators confused with moderation”. Onlangs het Kgalema Motlante (2007:5-7) in *ANC Today* hierdie pragmatiese benadering en die strategiese en taktiese implikasies hiervan soos volg saamgevat:

The theatre of the revolution was always on home soil. In the factories, schools, villages, townships, mine compounds and on the streets of South Africa. Whether in underground work, MK operations or mass activism, the South African revolution was forged within South Africa. Those forced to exile or in prison provided vital and critical rear bases for the conduct of revolutionary struggle ... But, like everything else, revolution is not a destination. **It is a journey. While victory has been achieved, in the sense that the racist regime has been replaced by a democratic order, the revolution is not over. In fact it has just begun in earnest following the 1994 democratic elections.** (Beklemtoning AD, JCV)

Hier is gevolglik sprake van strategiese en taktiese beplanning waarin kontekstuele oorwegings van deurslaggewende belang is.

Strategiese en taktiese vertrekpunte van die NDR

Vroeër is reeds verwys na die kontekstuele aard van rewolusies en is die belangrikheid daarvan beklemtoon dat elke rewolusie eiesoortig uitgevoer moet word, ten spyte van die bestaan van breër generiese beginsels. Ten opsigte van die NDR is hier sprake van die inwerkingstel van die filosofiese/ideologiese raamwerk van moderne rewolusies soos van toepassing gemaak op die eiesoortigheid van omstandighede binne die groter Suid-Afrikaanse konteks. ’n Grondliggende vertrekpunt wat strategies hanteer moet word, is die beklemtoning van politieke dialektiek

(konflikte) waarin die rewolusionêre ideaal, byvoorbeeld ’n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese samelewing vooropgestel word teenoor onaanvaarbare aspekte van die samelewing, politiek en/of ekonomie. Bogenoemde het ’n radikaal getransformeerde samelewing as doel, en sake wat byvoorbeeld onaanvaarbaar is, is rassisme, apartheid, koloniale praktyke, gebrek aan integrasie, ensovoorts.

Ingrypende sosiale transformasie as uitkoms van die NDR

In aansluiting by die voorafgaande aspekte van die NDR is hier sprake van ’n ingrypende transformasie (“major surgery of society and state”) wat alle aspekte van die samelewing, politiek en ekonomie moet insluit. In Marxistiese terme is die NDR daarop gefokus “... to eradicate the specific relations of productions that underpinned the national and gender oppression and the super-exploitation of the majority of South Africans” (*Strategy and Tactics* 2007, par. 58). Die visie vir die toekoms (die teenstelling) word soos volg geformuleer:

Our programme for social transformation must therefore ensure that it builds a better life by providing land and houses, comprehensive health and security, basic resources which include water and sanitation, human resource and capacity building, clean and safe environment, food security and an improvement in the health profile, including dealing with communicable and non-communicable diseases, causes of mortality, and sports and recreation. (ANC 2002 b:1)

Met dié ideologie as grondslag vervul onderwys ’n belangrike transformatiewe rol om die samelewing te rig en voor te berei op die “nuwe” toekoms (vergelyk Cowen 2002:423). In hierdie opsig is die rol van onderwys dekonstruktief in terme van die verlede en konstruktief progressief in terme van die toekoms. Hierdie benadering is geensins uniek aan Suid-Afrika nie en is waarskynlik verder gevoer binne die transformatiewe ervarings van byvoorbeeld Turkye (Mustafa Kemal se bekendstelling van die Latynse alfabet) en veral die Kulturele Rewolusie in China tydens die sestigerjare van die vorige eeu, waar onderwysers vervang is met politieke kaders. In beide voorbeelde is onderwys doelmatig aangewend ter bereiking van vooropgestelde ideologiese doelwitte waar vorme van politieke en ekonomiese dwang duidelik aanwesig was.

Analties beskou is die vyf pilare (fondasies) van sosiale transformasie **die staat, die ekonomie, organisatoriese werk (die party), die ideologiese stryd en die internasionale omgewing (netwerke)** (*Strategy and Tactics* 2007, par. 227:19). Die einddoel is ’n Afrika-hegemonie waarin Afrikane ooreenkomstig die beginsel van verteenwoordigendheid (demografies van aard) die dominante aandeelhouers is ten opsigte van **eienaarskap, beheer en bestuur**, asook **werksgeleenthede**. Sentraal tot hierdie denkpatroon is die Marxistiese vertrekpunt dat “politieke transformasie” die weg voorberei vir “sosiale en ekonomiese transformasie”. ’n Toestand van gelykheid kan slegs bereik word as alle vorme van kolonialisme, apartheid en diskriminasie van die politieke toneel verwyder word. Hierin moet die ANC as leier van die NDB ’n belangrike rol speel.

Die ANC as die Leier van die NDB

Die rol wat hierin aan die sogenaamde Voorhoedeparty (elitisties, sentralisties en intervensie-gerig) toegeken word en binne ’n Stalinistiese totalitarisme uitgebou is, is die primêre verantwoordelikheid van die ANC in soverre dit die NDR aanbetref. Groter beheer van die party oor die staat word

tans op die spits gedryf deur inisiatiewe om transformasie te versnel en organisatoriese vernuwing te bewerkstellig. Hierdie proses is na afloop van die 2009-verkiesing volstroom aan die gang. Eersgenoemde impliseer sake soos die transformasie van die regbank; ’n “comprehensive anti-poverty and social security strategy” en ’n staatgedrewe “public works programme”. Met organisatoriese vernuwing is ’n vergrote kabinet asook ’n binnekabinet (wat moet funksioneer soos die Nasionale Werkkomitee van die ANC) in die vooruitsig gestel, en voorts ook “change in the architecture of the executives”; “a reconfigured alliance”; en die hersiening van die huidige provinsiale en plaaslike owerheidsbedeling (ANC 2007:1).

Sedert die politieke oorname van die ANC in 1994 kon verskeie fases in die ontwikkeling van die NDR geïdentifiseer word. Die dinamika van die NDR word vervolgens vir aandag uitgesonder aangesien dit duidelik is dat hierdie politieke proses nog as onafgehandel beskou word.

DIE DINAMIKA VAN DIE NDR AS IDEOLOGIESE DENKRAAMWERK

Die dinamiek van die NDR kan op ’n makrovlak ten beste verduidelik word deur dit as ’n politieke ideologie voor te stel.⁵ (Daar is reeds hierna verwys in die inleiding.) Eie aan ideologiese denkraamwerke (veral waar hulle prakties geïnstusionaliseer is), is die aanwesigheid van ’n **sosiale program van verandering** wat die onaanvaarbare aspekte van die status quo moet herskep ooreenkomstig ’n vooropgestelde politieke visie. In die geval van die NDR is dit ’n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese Suid-Afrika. Die sosiale program van die NDR stel bogenoemde dan ook as doelwit. Toegepas op die Suid-Afrikaanse konteks kan die volgende fases kripties onderskei word:

Die Politieke oorgang (“transition”) (1983-1994)

’n Demokratiese oorgang kan beskryf word as “[t]he change from non democratic to democratic government, usually indicated by the existence of at least one free and fair election” (Fergusson 2006:352). In Suid-Afrika is hierdie fase verweselik met die magsdelingsmodus wat tussen 1983 en 1994 plaasgevind het. Dit veronderstel die politieke oorname (oorgang) maar nog nie die afhandeling van die rewolusie nie. Die rewolusie moet voltrek word met die voortsetting van die radikale transformasie van die politiek, samelewing en ekonomie.

Van oorgang tot transformasie (1994-1998)

Binne hierdie konteks beteken politieke transformasie die snelle progressiewe, omvangryke en fundamentele politieke verandering van die samelewing (voortspruitend uit ’n onaanvaarbare politieke verlede), wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiogeniëring (“social engineering”) en politieke manipulering). Dit word soms hegemonies bedryf, met die beklemtoning van verandering in die algemeen en konflikbestuur in die besonder (Duvenhage 2005:11).

⁵ Vergelyk Seliger (1976) vir ’n konseptualisering van ideologie en Duvenhage (2007:2-6) vir sy model ten opsigte van die dinamika van ideologiese denkraamwerke.

Kenmerkend van hierdie eerste fase van transformasie was:

- Politieke beheer oor die regering van die dag en sleutel-staatsinstellings (Polisie, Weermag, SAUK en Intelligensie).
- Nasionale versoening (regering van nasionale eenheid) as 'n belangrike taktiese (oorgangs-) plan.
- Die herstel van internasionale netwerke (polities, ekonomies en sosiaal).
- Die vestiging van 'n nuwe waardestelsel en politieke spelreëls sowel as die bemagtiging van 'n nuwe politieke elite.
- Strategiese beplanning en politieke posisionering vir die suksesvolle uitvoering van die NDR.
- Die legitimering van opposisiepolitiek.
(Kyk Duvenhage 2007A:43.)

Nadat bogenoemde fase voltrek is, is daar oorbeweeg na die institusionalisering van politieke transformasie, wat dan ook die gesig van die NDR tydens hierdie fase geword het.

Die institusionalisering van politieke transformasie (1998-2005)

Waar transformasie in die voorafgaande fase strategies ingestel is, het hierdie fase op 'n taktiese en operasionele vlak uitdrukking probeer gee aan die groter strategiese plan. Kenmerke van hierdie fase het ingesluit:

- Beheer oor die regime (politieke stelsel) en kaderontplooings (ook op taktiese en operasionele vlakke). Hierby word ingesluit alle strukture van die ANC, nasionale parlement, provinsiale wetgewers, metropolitaanse rade, metropolitaanse uitvoerende rade en die staatsdiens in die algemeen. Buite die meer formele raamwerk van die staat word ook ingesluit die ekonomie, onderwys, (wetenskap en tegnologie), sport, rekreasie, kuns en kultuur, populêre instellings asook die massa-media (*Cadre policy and deployment strategy* 2007:4-5).
- 'n Samelewing met "twee nasies" (volgens Thabo Mbeki) wat die dialektiek tussen ryk en arm uitwys en sodoende die voortgang van die rewolusie (voorgehou as transformasie) moet legitimeer.
- Politieke rolspelers in die internasionale arena in belang van progressiewe en rewolusionêre kragte (Iran, Palestina, Libië, Korea, die Onverbonde Lande, ens.).
- Die instel van die nuwe waardestelsel en politieke spelreëls met as implikasie die ontplooiing van politieke kaders in terme van die filosofie van demografiese verteenwoordiging op alle vlakke van die samelewing.
- Strategiese en taktiese planne gereed vir die toepassing op letterlik elke terrein van die samelewing en waar die wetgewing uitdrukking gee aan die oorhoofse doel van die rewolusie (870-stuks wetgewing op alle vlakke tussen 1994 en 2003 maak hierdie inisiatief die mees omvangryke proses van sosiale en politieke ingryping (geniëring) in die geskiedenis van Suid-Afrika).
- Pogings tot die neutralisering van opposisiepolitiek as beduidende rolspeler in die politieke arena.
(Duvenhage 2007A:43.)

Sedert 2004/2005 was daar toenemend tekens van ’n politieke krisis wat die ANC verplig het om die toepassingskonteks van die politieke ideologie opnuut weer in oënskou te neem en wat voltrek is met die Polokwane-konferensie einde 2007. Hierdie fase word vervolgens kortliks toegelig.

Die politieke krisis van die NDB en NDR (2005-)

Die periode 2005 tot en met die verkiesing van 22 April 2009 kan met reg beskryf word as ’n krisistyd vir die NDB in die algemeen en die ANC in die besonder – maar ook vir die groter regime en staatkundige bestel.⁶ Met die ANC wat toenemend as ’n regime funksioneer, word die werking van die groter stelsel (en selfs die staat) negatief geraak deur politieke onstabieleit. Aanduidings bestaan dat die krisis wat by Polokwane tot die oppervlak gekom het en wat gelei het tot Mbeki se “herontplooing” en die stigting van die wegbreekparty COPE, die politieke landskap dramaties sal beïnvloed. Dit is egter geensins uitgesluit dat die krisis tydens en na die algemene verkiesing kan verdiep nie, met verreikende negatiewe regeerkundige implikasies as uitkoms. Hierdie krisis ontwikkel tans op twee vlakke, naamlik die **ideologiese** (die NDR as rigtinggewende verwysingsraamwerk en die harde kern) soos dit binne die NDB, en spesifiek die ANC, manifesteer, maar ook op die vlak van **staatsregime**, wat die beleid toepassingskonteks raak. Die twee kontekste van die politieke krisis kan soos volg verduidelik word:

Die NDR as rigtinggewende verwysingsraamwerk (die ideologiese konteks)

Prominente probleme op hierdie vlak sluit in:

- Eskalerende belange groepkonflikte binne die sogenaamde “broad church” (NDB).
- Leierskapkonflikte binne die NDB en veral die ANC, soos gesien in Polokwane en met die herontplooing van Thabo Mbeki en die stigting van COPE.
- ’n Nie-getransformeerde NDB as die Voorhoedeparty/groepering wat die NDR moet bestuur en regeer. (Hierdie aspek raak die verhoudings en wisselwerking met die regering en groter regime asook ander partye.)
- ’n Toenemend disfunksionele ANC (betreffende organisasie, struktuur en dissipline) en gebrek aan leierskap om die NDR kontekstueel te fokus. Hierdie aspek sluit in dalende lidmaatskapgetalle, die ineenstorting van takke, die ontbinding en hersamestelling van leierskapstrukture, korrupsie en nepotisme, asook finansiële wanbestuur.
- Diepliggende ideologiese verskille oor die aard, inhoud en toepassing van die NDR. Gumede (2005) verwys hierna as “the battle for the soul of the ANC” (vergeelyk Duvenhage 2006:16-21).

Dit is gevolglik nie verbasend nie dat kommentators verwys na die noodsaak van “... a serious re-engineering of the ANC’s culture, values and structure” (Matshiqi 2007:27) en dat die ANC reeds voor die Polokwane-konferensie ’n gespreksdokument (*Proposal on Organisational Renewal: Towards 2012*) die lig laat sien het waarvolgens die organisasie “getransformeer” moet word. Die krisis van die ANC as primêre voertuig van die NDR het egter verreikende implikasies vir die toepassingskonteks met inbegrip van regime en staat.

⁶ Hierdie afdeling is slegs ’n samevattende rekonstruksie van die aard en omvang van die komplekse politieke krisis op verskillende vlakke. Vir volledige besonderhede oor die aard en omvang van die krisis, raadpleeg Duvenhage (2007A:1-104).

Die staatsregimekrisis (die toepassingskonteks)

Ten spyte van sekere, meestal lokale suksesse rondom infrastruktuur projekte, die verskaffing van behuising, uitgebreide sosiale toelae en 'n era van ekonomiese groei wys die volgende op 'n duidelike groter konteks van 'n disfunksionele staat en regime.⁷

- Volgens die World Competitiveness Report 2008-2009 beklee Suid-Afrika die 44ste plek, met gebreke in sleutelareas van die ekonomie (Alexander 2008:1).
- Die meegaande vaardigheidstekorte wat volgens Potinger (2008:243) deur regeringsbeleid op 'n spits gedryf is en aanleiding gegee het tot die erodering van infrastruktuur. Die verval van infrastruktuur het dan ook in 2008 Suid-Afrika duur te staan gekom toe ESKOM nie aan die kragbehoefte kon voldoen nie en myne as gevolg hiervan moes sluit.
- Die krisis ten opsigte van provinsiale en veral plaaslike regering en die gepaardgaande krisis ten opsigte van dienslewering blyk 'n eskalerende probleem te wees. 139 van die 284 munisipaliteite ontvang hulp ooreenkomstig “Projek Konsolideer”; 126 het geen finansiële state vir 2006 ingedien nie, en verskuldigde diensgelde het teen 2005 reeds R26 biljoen beloop (Fitzpatrick 2007:11; Duvenhage 2007A:59-60).
- Nasionale staatsdepartemente soos Binnelandse Sake, Landbou en Verdediging (om net enkeles te noem) wat in belangrike opsigte nie hul mandaat kon uitvoer nie.
- Politieke onstabiliteit op alle vlakke in verband met die ANC se leierskapstryd, wat uiteindelik Mbeki se termyn as president kortgeknip het.
- Die wegbreek van die Congress of the People (COPE) en die voortdurende oorloop en terugloop van oud-ANC-lede.
- Onstabiliteit op plaaslike regeringsvlak is die resultaat van onder meer swak dienslewering. Disfunksionaliteit binne die Suid-Afrikaanse politieke bestel het veral op plaaslike vlak in politieke konflik en geweld ontaard. Sedert 2003 het politieke protes teen die plaaslike regeringsbedeling wat in Diepkloof (Gauteng) begin het, oorgespoel na die Vrystaat (Vrede, Warden, Memel en later ook Bethlehem, Clarens, Fouriesburg, Rosendal, Kroonstad, Bloemfontein en Winburg), om van daar nog verder te versprei en letterlik al nege provinsies aan te tas (vergelyk Duvenhage 2004:1-2; Rademeyer & De Lange 2005:13 vir besonderhede oor die omvang van die verskynsel). Sedert Mei 2007 was patrone van onstabiliteit aanwesig in Mamelodi-Oos, Wolmaransstad, Nelspruit, Khutsong, Matatiele, Lekwa-Teemane, Denysville, Makwassie (Lebaleng), Eersterust (Pretoria) en Ekurhuleni (Oos-Rand), om net enkeles uit te sonder (Rossouw 2007:15).
- Die onderwyskrisis en 'n onvermoë om te voldoen aan onontbeerlike mensehulpbrontekorte ten opsigte van mediese dokters, verpleegpersoneel, ingenieurs, argitekte, ambagslui en finansiële kundiges (vergelyk Duvenhage 2007A:73-74).
- Toenemende korrupsie en die erodering van die gesag van staatsinstansies, soos in die geval van Tony Yengeni, waarvoor Andrew Feinstein (2007:209) homself soos volg uitdruk: “By preventing Parliament investigating whether one of its most senior officials had breached the Code of Conduct, the ANC was in effect stating that the interests of

⁷ Volgens Heywood (1997:24) word regime beskryf as “... a broader term that encompasses not only the mechanisms of government and the institutions of the state, but also the structures and processes through which these interact with larger society.” 'n Disfunksionele regime (soos aangetref in onder meer sagte-; swak en stukkende state) dui op 'n onvermoë om effektiewe en “efficient” regering te verseker. Dit is tans die geval in onder meer plaaslike regering in Suid-Afrika.

the powerful in the party came before the integrity of the legislative arm of the government”.

- Die wapenskandaal, ten opsigte waarvan die Ouditeur-generaal bevind het dat daar veelvuldige ongerymdhede plaasgevind het tydens die verkryging van die wapens vir Suid-Afrika (Feinstein 2007:158).
- Die ontbinding van die Skerpioene, ten opsigte waarvan Pottinger (2008:243) bevind het dat die ANC-elite hulself as teikens van die instelling gesien het en daarom aangedring het op die ontbinding van die eenheid.
- Hiermee saam is die positiewe ekonomiese groeikoers van ten minste die afgelope dekade ongetwyfeld besig om te verlangsaam, en debat bestaan oor die impak van die internasionale “credit crunch” op die Suid-Afrikaanse ekonomie.
- Misdaadsyfers het ook so toegeneem dat slegs lande wat in oorlog gewikkel is soveel seksuele geweld beleef soos Suid-Afrika (Anon 2009:1) – om net een aspek van ’n geweldskultuur uit te sonder.

Teen die agtergrond van bogenoemde is dit duidelik dat die NDR as ideologiese raamwerk bepaalde aanpassings sal moet ondergaan, veral ten opsigte van die toepassingskonteks, om sodoende die rewolusionêre ideaal (ooreenkomstig die strewes van die NDB) weer op koers te kry. In ’n sekere sin het die Polokwane-konferensie reeds die weg hiervoor begin voorberei, en daar word vervolgens aan die toekoms van die NDR as ideologiese denkraamwerk in toepassing aandag gegee.

DIE TOEKOMS VAN DIE NDR

In ’n poging om strategiese perspektiewe (voorgestel as scenario’s) te ontwikkel oor die waarskynlike verloop en afloop van die NDR, bied die bydrae van Brinton – *The anatomy of revolutions* (1938) – belangrike insigte wat hier verreken moet word. Crane Brinton se navorsing was gebaseer op die ontstaan, verloop en afloop van die Engelse (1640), Amerikaanse (1774), die Franse (1789) en die Russiese (1917) rewolusies en het as uitkoms gehad ’n teorie waarvolgens die verloop en afloop van rewolusies bepaal kan word. Hierdie konsep kan gebruik word om die waarskynlike verloop van die NDR te bepaal deur van hierdie teoretiese raamwerk gebruik te maak en om dan die uitkomstes as toekoms perspektiewe voor te stel.

In sy ontleding van die verloop en afloop van bogenoemde rewolusies beklemtoon Brinton (1965:3-235) ’n aantal onderskeibare fases. Die rewolusies begin met die **verval van die ou bewind**, gevolg deur die **bewind van die gematigdes**, waarna **die bewind van die ekstremiste** en die **skrikbewind** die weg voorberei vir ’n fase genaamd **Thermidor** (kyk Brinton 1965:121-147; 148-175; 176-204; 205-236). Volgens Brinton (1965) se voorstelling van die verloop en afloop van rewolusies verteenwoordig die Russiese Rewolusie (1917) (’n rolmodel vir die ANC) ’n belangrike uitsondering op hierdie reël. Hierdie uitsondering is geleë in die feit dat laasgenoemde rewolusie nooit ’n terugkeer na stabiliteit en gematigdheid (Thermidor) gehad het nie en dat hier eerder sprake is van ’n **permanente rewolusie** of **aaneenlopende skrikbewind**.⁸

⁸ Hierdie “aaneenlopende skrikbewind” soos verwoord deur Brinton (1965) is nie ’n klassieke-rewolusionêre perspektief nie en sou kon aansluit by Stalin se sogenaamde idee van “*revolution from above*” wat in die artikel eerder met transformasie in verband gebring word. Die post-Leninistiese tyd in die Sowjet Unie was egter ’n tyd waarin sosiale en politieke onstabieleit die dood van miljoene mense veroorsaak het en wat tot die vertolking van ’n permanente skrikbewind aanleiding kon gegee het.

Wat die verloop en die afloop van die NDR betref, laat dit die politieke omgewing (met hierdie uitsondering in gedagte) met twee toekomspektiewe:

- Die fase van groter gematigdheid (Thermidor), met die bewind van die Ekstremiste en Skrikbewind wat nou iets van die verlede is.
- Die fase van gematigdheid is verby, met ekstremistiese leierskap (Jakobyns) en selfs 'n Skrikbewind op die horison.

Betreffende die Suid-Afrikaanse konteks kan die vraag ten opsigte van die toekoms van die NDR as ideologiese denkraamwerk soos hieronder voorgestel word:

Die Thermidorperspektief

Hierdie perspektief stem meer ooreen met die huidige omstandighede binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing (staat en regime), wat 'n meer radikale toepassing van die NDR (ten minste op hierdie tydstip) onwenslik maak. Die harde logika van die rewolusionêre stryd word ooreenkomstig dié denklyn verwater deur pragmatiese (kontekstuele) oorwegings wat sterker vooropgestel word. Hierdie benadering is gelykstaande aan dié van Mao Zedong: “let a hundred flowers bloom”, wat onlangs só deur die ANC vertolk is:



Figuur 1: Die NDR as ideologiese denkraamwerk.

The democratic revolution instituted various measures to transform this machinery and change its personnel peacefully and gradually, without resorting to the Jacobin option. Essentially, it relied, instead, on persuasion and financial incentives.

En verder:

We acceded to power in a situation in which, naturally, many institutions in our country, including business, the universities, the media and other sectors were inspired by political and ideological perspectives with which we disagreed. Deliberately, the democratic revolution did not use state power to suppress these perspectives. Rather we adopted the position – let a hundred flowers bloom: let a hundred schools of thought contend! (ANC 2007:8-9.)⁹

Hierdie perspektief van die ANC gee aan die rewolusie ’n karakter wat met Thermidor (gematigdheid, realisme en pragmatisme) verbind kan word.

Uitgaande van ’n Thermidor-perspektief is omstandighede binne die Suid-Afrikaanse en ander politieke kontekste tans teen die radikale toepassing van die NDR. Die ANC het histories gesproke ’n tradisie van gematigdheid, wat nie nou verander kan word nie en na alle waarskynlikheid sal voortduur. Die grondwet en ander dokumente (byvoorbeeld die gematigdheid van die Vryheidsmanifes (*Freedom Charter*)) weerspreek ook volgens hierdie perspektief ’n meer radikale toepassing van die NDR. Internasionale netwerke en veral ekonomiese belange kan ook skade ly indien die NDR op ’n radikale wyse toegepas sou word, wat ten minste nie op hierdie tydstip raadsaam blyk te wees nie. Verdeeldheid binne die raamwerk van die NDB oor die toepassing van die NDR dui verder op die behoefte aan ’n meer gematigde benadering in die huidige tydsgewrig. Die disfunksionaliteite van instellings (waaronder plaaslike regering) maak versnelde transformasie onhoudbaar en eerder “rewolusie deur middel van ewolusie” ’n sterker moontlikheid.

Die uitkomstes van ’n gematigde toepassing van die NDR sluit in:

- ’n Politieke omgewing wat bevorderlik is vir groter stabiliteit, ekonomiese groei en ontwikkeling – juis dit wat Suid-Afrika op hierdie tydstip nodig het omdat regstellende teikens (ten minste in die afsienbare toekoms) met groter omsigtigheid toegepas gaan word.
- Minder druk op openbare instellings om funksioneel te presteer in ’n snel veranderende omgewing.
- Groter politieke weerstand links van die politieke sentrum wat tot patrone van groter politieke onstabiliteit kan lei. (Hierdie stryd woed tans in eie geleedere.)
- Die gevoel dat die NDR “uitverkoop” word en dat die ANC-regering eintlik ’n groep “verraaiers” is wat lojaal staan teenoor die neo-liberale dogma van globalisering is ’n negatiewe uitkoms in dié verband. (Dit waarvan Mbeki telkens beskuldig is!)

⁹ ’n Toespraak met die titel “Let a hundred flowers bloom” is in 1956 deur Mao Zedong gelewer waarin konstruktiewe kritiek teen die staat en Kommunistiese Party in China versoek is. Dit is teen Julie 1957 opgeskort, en kritici het hieroor onder skoot gekom, wat deur sommige as ’n “politieke hinderlaag” beskou is.

Jakobyns-radikaal


Hierdie perspektief beklemtoon dat ooreenkomstig die logika van die ideologie van rewolusie (met ander woorde die NDR) slegs die gemagtigde fase van die rewolusie nou afgehandel is en dat 'n meer radikale fase vervolgens betree sal word. Ideologiese eerder as pragmatiese oorwegings is hier deurslaggewend. Dit beteken onder meer dat die Voorhoedeparty (die ANC) sterker beheer sal moet neem van die politieke situasie om die doelstellings van die rewolusie op 'n versnelde wyse te bewerkstellig. Volgens dié perspektief het gebrekkige transformasie-suksesse niks te make met die geldigheid van die harde kern van denke oor die NDR nie, maar eerder met die gebrekkige toepassing van bestaande beleidsraamwerke. Daarom moet die toepassingskonteks meer (Jakobyns) radikaal wees en kan 'n meer gesentraliseerde benadering tot die uitvoering van Rewolusionêre ideale binne hierdie perspektief nie noodwendig uitgesluit word nie. Dit is juis hierdie snaar wat tans deur die Blade Nzimandes en ander getokkel word.

Uitgaande van bogenoemde beskouings het die ideologie van die NDR nou 'n "kritieke magsewewig" bereik wat 'n volgende fase van die rewolusie moontlik maak. Die logika van die ideologie sowel as gebrekkige transformasie suksesse (veral ekonomies) hou in 'n meer radikale en daadkragtige toepassing van die betrokke ideologie. Hierbenewens bestaan die oortuiging dat 'n konsekwente en meer radikale toepassing van die NDR sal help om die groterwordende verdeeldheid binne die NDB te besweer. Weerstand teen radikale transformasie moet dan ook sterk teengestaan word. Verder moet die ideologie van rewolusie in 'n kontekstuele sin ontwikkel en verfyn word om die eiesoortige eise van die Suid-Afrikaanse omgewing beter te kan hanteer. Die uitgangspunt van hierdie perspektief is verder dat politieke transformasie sonder ekonomiese en sosiale transformasie kosmeties en niksseggend van aard is. (Daarom moet ekonomiese en sosiale transformasie vooropgestel word in die nuwe fase van die NDR.) Radikale simboliek is belangrik tydens hierdie fase van die rewolusie. (Naamsveranderings, retoriek en ander vorme van politieke simboliek is hier van toepassing.) Met hierdie perspektief as vertrekpunt duur die rewolusie dus voort en verskaf sodoende 'n ideologiese grondslag vir die organisasie en mobilisasie van politieke steun (nasionaal en internasionaal).

Uitkomstige van hierdie beskouing (toepassing) van die NDR sluit in dat:

- die party toenemend beheer neem van die regime en staat;
- 'n politieke omgewing wat ooreenkomstig sosiale manipulasie tot uiterstes gevoer sal word;
- groter politieke weerstand regs van die sentrum deur veral minderheidsgroepe;
- meer druk op die openbare sektor om te presteer en aan verwagtinge te voldoen;
- beperkte ekonomiese groei en 'n onvermoë om aan groterwordende sosiale en ekonomiese verwagtinge te voldoen – veral in die huidige post-verkiesingsomgewing;
- die rewolusie-ideaal is die fokuspunt betreffende politieke konsensus binne die NDB en sal dit bly; en
- minder neo-liberale denke en meer demokratiese sentralisme word beklemtoon.

Skematies kan hierdie perspektief só voorgestel word:



Figuur 2: Toekomspektiewe rakende die NDR ooreenkomstig die Brinton-teorie.

Ten slotte word gelet op 'n kort bespreking van die geïdentifiseerde toekomspektiewe.

EVALUERENDE PERSPEKTIEWE

By die Polokwane-konferensie en in sy verkiesingsmanifes het die ANC as regeringsparty hom opnuut verbind tot die filosofie en etos van die NDR en die voorneme beklemtoon om die rewolusie konsekwent en in 'n hoër rat ten uitvoer te bring. Trouens, die steun vir Zuma en sy populistiese beleidsrigtings word juis vertolk as 'n mosie van vertroue in die grondbeginsels van die NDR as oplossing vir die histories-deterministiese konflik tussen die armes en rykes: in essensie die ANC se onvervulde (onvoltooide?) rewolusie van 1960 tot 1994, wat nog nie aan die sosiale en ekonomiese verwagtinge voldoen het nie.

Rewolusies beteken radikale, omvattende fundamentele en gewelddadige veranderings met uitkomst op die elite-, waardestelsel- en staatkundig-grondwetlike vlakke. Ingebed in die filosofie van rewolusionêre geweld, en gegrond op die denke van Marx, Lenin, Stalin en Mao, voldoen die NDR aan die vereistes waaraan rewolusies gemeet word, met die uitsondering van die nie-gewelddadige aard hiervan tot op hede. Tydens 'n meer radikale fase, soos hierbo voorgestel is, en die slegste-geval-scenario, kan meer en veral strukturele geweld egter nie heeltemal uitgeskakel word nie. Die NDR bepleit in wese radikale transformasie met as visie 'n nie-rassige, nie-seksistiese, verenigde demokratiese samelewing waarin welvaartverdeling sterk op die agenda is.

Die NDR vorm die hoofaksieprogram van die NDB en kan as 'n dinamiese proses van verandering voorgehou word (ter bereiking van 'n "Nasionaal-demokratiese Samelewing") wat in fases voltrek moet word ("bewuste werkersrewolusie") met verrekening van kontekstuele faktore. Die rewolusie moet dus deurlopend ideologies uitgebou word om te voldoen aan die eiesoortige eise van die Suid-Afrikaanse omgewing.

Die ontplooiing van die NDR het dan ook ooreenkomstig hierdie beskouing in fases plaasgevind, soos die politieke oorgang (1983-1993), die oorgang tot politieke transformasie (1994-1997), die institutionalisering van politieke transformasie (1997-1995) en die huidige fase (2005-2008) wat as die politieke krisis voorgehou kan word. 'n Fokusverandering wat oor die afgelope dekade plaasgevind het, behels 'n verskuiwing weg van politieke agendas (beheer van die regering en staat) na ekonomiese en sosiale kwessies, maar sonder om politieke beheer in die proses prys te gee.

Die aard van die huidige politieke krisis (op beide ideologiese en staatsregimevlak) beklemtoon die behoefte aan 'n nuwe toepassingskonteks (of -fase), wat vergestalt is in die "messiaanse" persoon van Jacob Zuma, ten einde NDR weer op koers te kry of ten minste op koers te hou. Met die Brinton-teorie as verwysingsraamwerk kan die toekoms van die NDR as meer Thermidor-gematig óf as Jakobyns-radikaal voorgehou word. Hoewel argumente bestaan om beide toekomsvisies te motiveer is daar tans sterk getuigenis wat dui op 'n meer radikale toepassing van die NDR ten tyde van 'n Zuma-bewind. Die geveg om die siel van die ANC (in hierdie opsig) duur dus voort.

Nieteenstaande die geldigheid van Helen Zille se identifisering van die NDR as 'n grond-oorzaak van talle probleme, is die leierskorps van die ANC tans ver verwyderd van die perspektief van Roskin (2003:373), wat dit stel dat: "The crux of revolutionary thinking is that it is possible to remake society. Without that, few would bother to make revolutions. With the discovery that remaking society leads to terrible difficulties and poor results, the revolutionary dream dies". Op hierdie stadium is die perspektief *viva la revolution* 'n geldende ideologiese perspektief vir Suid-Afrika met duidelike politieke, ekonomiese en sosiale implikasies vir die toekoms.

BIBLIOGRAFIE

- Election Manifesto. 2009. <http://www.anc.org.za>. Datum van gebruik: 12 March 2009.
- SA Competitiveness study. South Africa Media Club. <http://www.mediaclubsouthafrica.com>. Datum van gebruik: 27 November 2008.
- Alexander, M. 2008. SA Competitiveness Study. South Africa Media Club. <http://www.mediaclubsouthafrica.com>. Datum van gebruik: 27 November 2008.
- ANC. 2007. A strategic agenda for organizational renewal. <http://www.anc.org.za>. Datum van gebruik: 17 Maart 2009.
- ANC National Policy Conference. 2007. Commission reports and draft resolutions 04/ International Relations. <http://www.anc.org.za>. Datum van gebruik: 12 Maart 2009.
- ANC Today*. 2007. A Fundamental Revolutionary Lesson: the enemy manoeuvres but it remains the enemy/ part 1. <http://www.anc.org.za/ancdocs/ancoday/2007/at33.htm>. Datum van gebruik: 17 Maart 2009.
- ANC Today*. 2008. We are all in this together: Budget 2008 (22-28 February 2008).
- ANC. 1997B. Cadre policy and deployment strategy: <http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo/articles/cadrepolicy.html>. Datum van gebruik: 17 Maart 2009.
- ANC. 2002B. Economic transformation. <http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo16/economy.html>. Datum van gebruik: 19 Junie 2007.
- ANC. 2007. ANC 52nd National Conference 2007: Resolutions. <http://www.anc.org.za>. Datum van gebruik: 17 Maart 2009.
- ANC. 2007. Strategy and Tactics. <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/conf/conference50/strategyamend.html>. Datum van gebruik of access: 19 Februarie 2007.
- Anon. 2008. Purge counter-revolutionaries. *News24*. <http://www.news24.com>. Datum van gebruik: 13 Junie 2008.
- Anon. 2009. SA ranked with war torn countries. IOL. <http://www.iol.co.za>. Datum van gebruik: 5 Maart 2009.
- Ball, A.R. 1993. *Modern Politics & Government*. London: Macmillan

- Brinton, C. 1965. *The Anatomy of Revolution*. New York: Prentice Hall (revised and expanded version).
- Cohen, R. 2000. Comparing futures or comparing pasts. *Comparative Education*, 36(3):333-342.
- Cohen, R. 2002. Moments of time: A comparative note. *History of Education*, 31(5):413-424.
- Duvenhage, A. 2005. Politieke transformasie – ’n konseptuele oriëntering en Suid-Afrikaanse toepassing. *Acta Academia*, 37(3):1-40.
- Duvenhage, A. 2006. Die Leierskapstryd binne die ANC. *Woord en Daad*, nr. 398.
- Duvenhage, A. 2007. Politieke transformasie as ’n ideologiese denkraamwerk: ’n beleidsdinamiese analise en perspektief. *Koers* 72(3):1-26
- Duvenhage, A. 2007A. *Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: ’n Strategiese ontleding en scenario analise*. NWU: Reeks H: Intreerede nr. 214
- Ellis, S. & Sechaba, T. 1992. *Comrades against Apartheid*. London: James Currey.
- Feinstein, A. 2007. *After the Party*. Cape Town: Jonathan Ball.
- Ferguson, P.A. 2006. The Politics of Regime Change in a Global Era. (In Dyck, R., ed. 2006 *Studying politics – an introduction to Political Science*. Toronto: Thompson, pp. 349-371).
- Fitzpatrick, M. 2007. Waar daar nie ’n wil is nie. *Beeld*, 9 Januarie:11
- Gevisser, M. 2007. *Thabo Mbeki; A Dream deferred*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Gqubule, D. 2007. Mbeki’s slash-and-burn macro economic policy. *Business Times*. 4 March.
- Gumedi, W.M. 2005. *Thabo Mbeki and the battle for the soul of the ANC*. Cape Town: Zebra Press.
- Heywood, A. 1997. *Politics*. London: Macmillan.
- Huntington, S.P. 1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.
- Keet, J. 2008. SACP: Political left at the cross roads. *Mail & Guardian*. <http://www.mg.co.za>. Datum van gebruik: 27 November 2008.
- Lakatos, I. 1970. Falsification and the methodology of scientific research programmes. In: Lakatos, I. & Musgrave, A., eds. *Criticism and the growth of knowledge*. Cambridge: Cambridge University.
- Lass, H.R. 1976. *Die grondleggers van rewolusionêre oorlogvoering*. Potchefstroom: Sentrum vir Internasionale Politiek.
- Legassick, M. 2007. *Towards Socialist Democracy*. Scottsville: University of Natal.
- Mathekga, R. 2008. The ANC leadership Crisis and the age of pupilism in Post-apartheid South Africa. (In Pretorius, J; ed. *African Politics: Beyond the Third Wave of Democratization*. Cape Town: Juta.)
- Matshiqi, A. 2007. ANC needs an extreme makeover to chart a new future. *City Press*: 27, 24 June.
- Mbeki, T. 2008. Thabo Mbeki letter to Jacob Zuma 9 October <http://www.dispatch.co.za>. Datum van gebruik: 6 November 2008
- Misomi, S. 2007. Broad Church: A divided house. *City Press*: 21, 1 July.
- Myburg, J. 2003. Mbeki’s revolutionary Nationalist agenda. *Focus*:29:2-4.
- Nizimande, B. 2008. Blade Nizimande on the “reactionary ANC Splinter” Speech to NUMSA’s 8th Congress, October 14 2008.
- Petee, G.S. 1971. *The process of revolution*. New York: Howard Fertig.
- Pottinger, B. 2008. *The Mbeki Legacy*. Cape Town: Zebra.
- Rademeyer, A. & De Lange, L. 2005. Belofes maak skuld – nie-lewering, korrupsie olie vir brandende bande. *Beeld*: 13, 7 Junie.
- Ramokgopa, S. 2009. The widening gap between the rich and the poor in South Africa. <http://www.helium.com>. Datum van gebruik: 3 Maart 2009.
- Roskin, M.G. et al. 2003. *Political Science*. 8th Edition. New Jersey: Prentice Hall.
- Rossouw, M. 2007. Wie nie wil hoor, moet maar voel. *Beeld*: 15, 17 Julie.
- SAPA. 2008. Anc leader says Zuma is suffering like Jesus. *Mail & Guardian*. <http://www.mg.co.za>. Datum van gebruik: 19 Oktober 2009.
- Seliger, M. 1976. *Ideology and politics*. London: George Allen & Unwin.
- Slovo, J, 1988: The South African Working Class and the National Democratic Revolution. <http://www.marxfaq.org>. Datum van gebruik: 27 Oktober 2008.
- Socialst World. 2003. The rich get richer and the poor get poorer. <http://www.socialistworld.net>. Datum van gebruik: 3 March 2009.
- South Africa. Ministry in the Office of the President 1994. RDP White Paper on Reconstruction and Development. 1994. Discussion Document.

- Swarns, R.L. 2000. *New York Times*. New Pragmatism in South Africa's foreign policy disappoints some old supporters. 19 June. <http://www.query.nytimes.com>. Datum van gebruik: 10 November 2008.
- Talmon, J.L. 1955. *The origins of totalitarian democracy*. London: Secker & Warburg.
- Tolsi, N. 2009. The Cult of Zuma. *Mail & Guardian Online*. <http://www.mg.co.za>. Datum van gebruik: 6 Maart 2009.
- Tutu, D. 2007. Tutu warns over rich/poor gap. *News24*. <http://www.news24.com>. Datum van gebruik: 3 Maart 2009.
- Van Tonders, J. 2007. Staat se gesloer laat ekonomie ver agter raak. *Sake Rapport*: I, 13 Mei.
- Van Tonder, J. & Ueckerman, H. 2007. Miljoen vakante poste in SA. *Sake Rapport*: 1, 1 April.